

2017/18

**REGLEMENT Q**

**REGULATION Q**

# **JUKSKEI SA**

**DEELNEMERSKOMMISSIE**

**PARTICIPANTS COMMISSION**



## INHOUD / INDEX

<b>NR</b>	<b>ARTIKELBESKRYWING</b>	<b>ARTICLE DESCRIPTION</b>	<b>P</b>
<b>1</b>	<b>DOEL</b>	<b>OBJECTIVE</b>	<b>3</b>
<b>2</b>	<b>REIKWYDTE VAN JSA DEELNEMERS-KOMMISSIE</b>	<b>REACH OF JSA PARTICIPANTS COMMISSION</b>	<b>3</b>
<b>3</b>	<b>LIDMAATSKAP</b>	<b>MEMBERSHIP</b>	<b>3</b>
<b>4</b>	<b>FUNKSIES</b>	<b>FUNCTIONS</b>	<b>3</b>
<b>5</b>	<b>DEFINISIE</b>	<b>DEFINITION</b>	<b>3</b>
<b>6</b>	<b>BESTUUR</b>	<b>MANAGEMENT</b>	<b>3</b>
6.1	Voorsitter	Chairperson	4
6.2	Lede	Members	4
6.3	Gestremde Lid	Disabled Member	4
<b>7</b>	<b>AANSTELLINGSPROSEDURES</b>	<b>APPOINTMENT PROCEDURES</b>	<b>4</b>
7.1	Kriteria	Criteria	4
7.2	Verkiesing	Election	5
<b>8</b>	<b>VERANTWOORDELIKHEDE</b>	<b>RESPONSIBILITIES</b>	<b>5</b>
8.1	Voorsitter	Chairperson	5
8.2	Provinsiale Verteenwoordigers	Provincial Representatives	5
8.3	Sekretariaat	Secretariat	5
<b>9</b>	<b>VERGADERINGS</b>	<b>MEETINGS</b>	<b>5</b>
<b>10</b>	<b>VERSLAGDOENING</b>	<b>REPORTING</b>	<b>6</b>
<b>11</b>	<b>WYSIGINGS</b>	<b>AMENDMENTS</b>	<b>6</b>

<b>1</b>	<b>DOEL</b>	<b>OBJECTIVE</b>
	Die doel van die Jukskei SA Deelnemerskommissie (JSADK) is om die belange van die deelnemers op die hart te dra en aanbevelings aan die Nasionale Bestuur deur te gee vir aandag op die hoogste vlak. Kritiese sake wat die deelnemers raak, inspraak in besluitneming, die beskerming van regte van die deelnemers en sake van belang behoort op die forum bespreek te word.	The purpose of the Jukskei SA Participants Commission (JSAPC) is to have the interests of the participants at heart and pass recommendations on to the National Council for attention at the highest level. Critical issues affecting the participants, a say in decision-making, the protection of rights of the participants and issues of importance should be discussed at the forum.
<b>2</b>	<b>REIKWYDTE VAN DIE JSA ONTWIKKELINGSKOMITEE</b>	<b>REACH OF THE JSA DEVELOPMENT COMMITTEE</b>
	JSADK is 'n volwaardige subkomitee onder die portefeulje Direkteur Deelname van Jukskei Suid-Afrika en is onderhewig aan JSA se Statute.	JSAPC is a full-fledged sub-committee under the portfolio Director Participation of Jukskei South Africa and is subject to JSA's Statute.
<b>3</b>	<b>LIDMAATSKAP</b>	<b>MEMBERSHIP</b>
	Alle geregistreerde lede van JSA is indirek lid van JSADK	All registered members of JSA are indirectly a member of JSAPC
<b>4</b>	<b>FUNKSIES</b>	<b>FUNCTIONS</b>
	JSADK sal die volgende funksies in die Struktuur van Jukskei as sport vervul:	JSAPC will perform the following functions in the Structure of Jukskei as sports:
<b>4.1</b>	Hanteer alle kritiese sake wat die Deelnemers raak;	Handle all critical issues that affect the Participants;
<b>4.2</b>	Het inspraak op besluitneming (op uitnodiging deur die Direksie JSA)	Has a say in decision-making (By invitation of the Board JSA)
<b>4.3</b>	Die beskerming van die regte van die Deelnemers en sake van belang behoort op die forum bespreek te word.	The protection of the rights of the Participants and issues of importance should be discussed at the forum.
<b>4.4</b>	Doen jaarliks verslag aan die Direkteur Deelname en op die AJV van Jukskei SA.	Reports annually to the Director Participation and at the AGM of Jukskei SA.
<b>5</b>	<b>DEFINISIE</b>	<b>DEFINITION</b>
<b>5.1</b>	<b>Elitéspeler:</b> Dit is net Nasionale- en Provinsialespelers wat aan die SA Seniorkampioenskappe deelgeneem het.	<b>Elite Player:</b> It's only National- and Provincial Players who participated in the SA Senior Championships.
<b>5.2</b>	<b>Ontwikkelingspelers:</b> Dit is alle spelers wat nog nie Elitéspeler status bereik het nie.(B & C liga spelers)	<b>Development Players:</b> It's all players who have not yet reached Elité player status. (B & C league players)
<b>5.3</b>	<b>Gestremdespeler:</b> Dit is enige lid wat 'n gestremdheid het, hetsy hy van 'n korter afstand speel as die voorgeskrewe vir sy ouderdom of geslag, of nie.	<b>Disabled Player:</b> It is any member who has a disability, whether he plays from a shorter distance than prescribed for his age and gender or not.
<b>6</b>	<b>BESTUUR</b>	<b>MANAGEMENT</b>
	Die Bestuur van die JSADK bestaan uit die volgende poste en die hele Bestuur dien vir 'n termyn van drie (3) jaar waarna alle	The Management of the JSAPC consists of the following positions and the entire Management serves for a term of three (3)

	Bestuurslede weer verkies sal word. Alle persone wat hulself beskikbaar stel moet 'n lid wees by Jukskei SA.	years, after which all Committee members will be re-elected. All persons who make themselves available must be a member with Jukskei SA.
<b>6.1</b>	<b>Voorsitter: (Verteenwoordiger):</b> wat verkies word deur die volle komitee. a) Hierdie persoon moet oor bestuursvaardighede beskik om die komitee asook die spelers te verteenwoordig.	<b>Chairperson: (Representative)</b> whom is elected by the full committee. a) This person must have management skills to represent the committee and the players.
<b>6.2</b>	<b>Lede:</b> Elke provinsie, se spelers, kies twee verteenwoordigers	<b>Members:</b> Each province's players choose two representatives
<b>6.3</b>	<b>Gestremde lid:</b> Die gestremde lede nomineer een lid om op die komitee te dien.	<b>Disabled member:</b> The disabled members nominate one member to serve on the committee.
<b>6.4</b>	Enige lid van die Bestuur wat nie deelnemend is met die versoeke/opdragte vanaf die voorsitter nie, deur herhaaldelik nie teikendatums na te kom nie, sonder grondige redes, se lidmaatskap met betrekking tot die Bestuur, kan na konsultasie met die Direksie van JSA verval.	Any member of the Committee who is not participating in the requests/instructions of the chairperson by repeatedly not meeting target dates, without valid reasons, may have his membership with regard to the Committee lapse after consultation with the Board of JSA.
<b>6.5</b>	Sou daar 'n tendens bestaan dat die voorsitter nie na wense die versoeke van die Direksie JSA uitvoer nie kan die Direksie JSA die komitee versoek om die voorsitter te vervang.	If there is a tendency that the chairperson does not execute the requests of the JSA Board, the JSA Board may request the committee to replace the chairperson.
<b>6.6</b>	Enige lid wat hom aan die Gedragskode van JSA skuldig maak se termyn/dienste sal opgeskort word.	The term/services of any member who is guilty of the Code of Conduct of JSA will be suspended.
<b>7</b>	<b>AANSTELLINGSPROSEDURES</b>	<b>APPOINTMENT PROCEDURES</b>
<b>7.1</b>	<b>Kriteria</b>	<b>Criteria</b>
7.1.1	Die aangewese/verkose lid mag op geen Provinsiale Dag/Uitvoerende Bestuur of deel van die Direksie JSA dien nie.	The designated/elected member may not serve on any Provincial Executive Committee or part of the JSA Board.
7.1.2	Alle lede wat hulself beskikbaar stel vir verkiesing moet volle lede van JSA wees.	All members who make themselves available for election must be full members of JSA.
7.1.3	Verkiesing van lede vind per provinsie plaas en word by die AJV van JSA bekragtig	Election of members is done by each province and is ratified at the AGM of JSA.
7.1.4	Elke provinsie bepaal self op welke wyse hulle hul lede gaan verkies.	Each province decides in which way they will choose their members.
7.1.5	Twee lede per provinsie, verkieslik een manlik en een vroulik, wat die provinsie verteenwoordig.	Two members per province, preferably one male and one female, who represent the province.
7.1.6	Een Elité en een Ontwikkelingspeler per provinsie (Aanbeveling: 'n Lid uit die VBI geleedere, indien moontlik)	One Elite and one Development player per province (Recommendation: A member from the PDI ranks, if possible)
7.1.7	Gestremde lede moet 'n doktersertifikaat van sy gebrek kan lewer om deel van die groep te wees.	Disabled members must be able to provide a medical certificate of his inability to be part of the group.
7.1.8	Dat die voorsitter 'n huidige of nasionale	That the chairperson is/was a current

	speler is/was.	national player.
	a) Beperking van nie meer as vyf jaar laas kleure verdien het nie.	a) Limitation of receiving national colours not more than five years ago.
7.1.9	Sou 'n vakature om welke rede ookal bestaan moet die provinsie, van waar die betrokke lid kom, 'n plaasvervanger se naam binne 30 dae aan die Direksie voorlê.	Should a vacancy for whatever reason exist, the province from which the relevant member comes, must submit a substitute's name to the Board within 30 days.
7.1.10	Enige lid van die Bestuur mag net twee termyne van drie jaar in dieselfde pos dien.	Any member of the Committee may only serve two terms of three years in the same position.
<b>7.2</b>	<b>Verkiesing</b>	<b>Election</b>
7.2.1	<b>Voorsitter:</b>	<b>Chairperson:</b>
	Wanneer al die verteenwoordigers aangestel is dan gaan hulle die voorsitter verkies met behulp van Dir Deelname as die nodale punt.	When all the representatives are appointed, they will elect the chairperson with the help of Dir Participation as the nodal point.
7.2.2	<b>Provinsiale verteenwoordigers:</b>	<b>Provincial representatives:</b>
	Die spelers van die provinsie verkies die lede met geen inspraak vanaf die provinsiale bestuur nie.	The players of the province elect the members without any say from the provincial management.
7.2.3	<b>Gestremde verteenwoordiger:</b>	<b>Disabled representative:</b>
	Alle gestremdes het die voorreg om een lid te verkies	All disabled have the privilege to elect one member
<b>8</b>	<b>VERANTWOORDELIKHEDE</b>	<b>RESPONSIBILITIES</b>
8.1	<b>Voorsitter:</b>	<b>Chairperson:</b>
	Die primêre doel van die Voorsitter is om:	The primary objective of the Chairperson is:
8.1.1	die nodale punt van die groep te wees	to be the nodal point of the group
8.1.2	seker te maak enige skrywes wat die voorsitter bereik, moet eers verwerk word om vertroulikheid te behou, en dan aan Direkteur Deelname gestuur en hanteer word.	to ensure that any letters that reach the chairperson, must first be processed to preserve confidentiality, and then sent to and handled by the Director Participation.
	a) Die Direkteur Deelname sal dan die saak met die Direksie hanteer.	a) The Director Participation will then handle the matter with the Board.
8.1.3	Verteenwoordig alle lede (spelers) tydens Presidentsraad en AJV van JSA en is stemgeregtig.	Represents all members (players) during President's Council and AGM of JSA and is entitled to vote.
<b>8.2</b>	<b>Provinsiale Verteenwoordigers:</b>	<b>Provincial Representatives:</b>
8.2.1	Hulle is die nodale punt van hulle groep binne die provinsie	They are the nodal point of their group in the province
8.2.2	Enige skrywes wat hulle van hul lede ontvang moet eers verwerk word, om vertroulikheid te behou, en dan aan die Voorsitter gestuur word vir hantering.	Any writings that they receive from their members must first be processed to maintain confidentiality, and then sent to the Chairperson to be handled.
<b>8.3</b>	<b>Sekretariaat</b>	<b>Secretariat</b>
	Die Voorsitter is die nodalepunt en verrig hierdie aksie soos alreeds omskrywe. (8.1)	The Chairperson is the nodal point and performs this action as already defined. (8.1)
<b>9</b>	<b>VERGADERINGS</b>	<b>MEETINGS</b>
9.1	Op versoek van die Komitee se voorsitter sal daar tyd gedurende die SA Senior	At the request of the Committee's chairperson time will be set aside during

	Kampioenskappe ingeruim word sou die voorsitter die lede wou spreek.	the SA Senior Championships should the chairperson want to address the members.
<b>10</b>	<b>VERSLAGDOENING</b>	<b>REPORTING</b>
<b>10.1</b>	Alle verslae en/of versoeke vanaf die Komitee na Provinsie sal via die Voorsitter na die Direkteur Deelname gaan vir versending.	All reports and/or requests from the Committee to Province will go through the Chairperson to the Director Participation for dispatch.
<b>10.2</b>	Ander korrespondensie soos interne skrywes, tussen Bestuurslede moet via die Voorsitter geskied.	Other correspondence like internal correspondence between Committee members must go through the Chairperson.
<b>10.3</b>	Die Voorsitter moet jaarliks 'n verslag indien by die Direkteur Deelname vir voorlegging by die AJV van JSA.	The Chairperson shall annually submit a report to the Director Participation for presentation at the AGM of JSA.
<b>11</b>	<b>WYSIGINGS</b>	<b>AMENDMENTS</b>
<b>11.1</b>	Wysigings tot hierdie Reglement word deur middel van 'n Beskrywingspunt voor 'n datum soos bepaal deur die UB van Jukskei SA by die Direkteur Administrasie ingedien sodat die voorstel op die Sakelys van die Algemene Jaarvergadering geplaas kan word.	Amendments to this Regulation shall be submitted through a Motion before a date set by the EC of Jukskei SA to the Director of Administration so that the proposal can be placed on the Agenda of the Annual General Meeting.
<b>11.2</b>	Na aanvaarding deur die AJV sal die wysigings geïmplementeer word.	After acceptance by the AGM the changes will be implemented.
<b>11.3</b>	Hierdie Reglement is aanvaar op die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA soos gehou op <b>22 Julie 2017</b> te Kroonstad.	This Code was adopted at the Annual General Meeting of Jukskei SA that was held in Kroonstad on <b>22 July 2017</b> .

**JN NEL**  
**PRESIDENT JSA**

**D SMIT**  
**DIREKTEUR/DIRECTOR**  
**ADMINISTRASIE/ADMINISTRATION**